



Co-Funded by  
the European Union



Commonwealth  
Foundation

Supported by the Commonwealth Foundation

# FishersNet



Uitgegee deur:

**Coastal Links and Masifundise Development Trust**

1 Station Road, Mowbray, Cape Town 7700 | Tel: 021 685 4549 • Fax: 021 685 3816

Email: [info@masifundise.org.za](mailto:info@masifundise.org.za) • Website- [masifundise.org/](http://masifundise.org/) • Facebook- <https://www.facebook.com/Masifundise>

Twitter- <https://twitter.com/MasifundiseDT> • Instagram- <https://www.instagram.com/masifundisedt/?hl=en>

VOL. 41 - Jun 2022

## Notas deur die redakteur

**WELKOM BY DIE JUNIE** 2022-uitgawe van VissersNet, die nuusbrief van die Masifundise Ontwikkelingstrust en Coastal Links Suid-Afrika.

Hierdie uitgawe pluus die toekenningsproses vir visvangregte (FRAP) uit, asook hoe dit kleinskaalse vissergemeenskappe en hulle koöperasies beïnvloed. Met toewysings wat verminder en visstapels wat uitgeput raak, is vissergemeenskappe in 'n toenemend kwesbare posisie, met minder in hulle mandjie elke jaar.

In hierdie uitgawe kyk ons ook na die aankondiging van die publikasie van die Nasionale Varswater- (Binnelandse) Wildervangvisseryebeleid in die Staatskoerant deur die Departement van Bosbou, Vissery en die Omgewing (DBVO). Die publikasie van hierdie beleid in die Staatskoerant bring ons nader aan die implementering daarvan. Ons bly hoopvol dat die implementeringsproses 'n betekenisvolle en samewerkende benadering sal wees wat op die behoeftes en waardigheid van binnelandse vissers fokus. Intussen het die binnelandse vissergemeenskappe in Jozini en Gariep voortgegaan om deur protesoptrede en verskeie rondetafelgesprekke vir hulle regte te mobiliseer.

Ten opsigte van ander sake het Masifundise sedert die begin van die jaar 'n aantal besoeke aan die kus en aan binnelandse vissergemeenskappe gebring. In KwaZulu-Natal kon ons 'n aantal gemeenskapsvergaderings fasiliteer, en ook met verkose Taakspanlede kontak maak. Ons kon ook stappe doen om die tweede produksie van 'n dokumentêr oor binnelandse visvangs aan die gang te kry. Dit sal op vroulike vishandelaars en die verlies van hulle primêre heenkome fokus.

In opwindende nuus het kleinskaalse vissergemeenskappe 'n oorwinning oor nog 'n olie- en gasmaatskappy, Searcher Seismic, behaal. In 'n reuse-oorwinning vir kleinskaalse vissergemeenskappe het die Wes-Kaap Hoë Hof teen seismiese toetse aan die Weskus beslis. Mag die vegtersgees en veerkragtigheid van kleinskaalse vissergemeenskappe voortgaan om groter oorwinnings aan te moedig.

## Kleinskaalse vissers langs die kantlyn onder FRAP



**DIE TOEKENNINGSPROSES** vir visvangregte (FRAP) bly steeds omstrede in die visvangsektor. Hierdie proses is ontwerp om die toewysing van spesies te bestuur en om te verseker dat histories gemarginaliseerde en voorheen ondervteenwoordigde individue, gemeenskappe en maatskappye by die visvangbedryf ingesluit kan word. Die implementering van FRAP en die gebrek aan kapasiteit in die regering se Departement van Bosbou, Vissery en die Omgewing (DBVO) het die proses in 'n krisistoestand gelaat.

In hierdie proses word die kommersiële sektor geprioritiseer en wat vir kleinskaalse visserye opsy gesit word, is nie genoeg om 'n volle mandjie vir kleinskaalse vissers aan die kus te verseker nie. Meer as 70% van tradisionele lynvis word byvoorbeeld aan kommersiële vissers toegewys, selfs voordat die KSV-beleid gefinaliseer is.

Die DBVO het appèlle vir FRAP op 25 Maart heropen. 'n Komitee van vroue uit Hondeklipbaai (Noord-Kaap) wat nie in hulle aansoek ingevolge die Kleinskaalse Visvangbeleid as bona fide- kleinskaalse

vissers erken is nie, het besluit om ingevolge FRAP om kommersiële visvangregte aansoek te doen. Dit werk deur individuele aansoeke vir elke spesie, met elke aansoek wat met koste gepaardgaan. Hierdie vrouegroep was bereid om die R14 000 te bestee wat dit hulle sou kos om vir die betrokke spesies aansoek te doen. Die vroue het na Port Nolloth gereis om self aansoek te doen, maar is aangesê om die volgende dag terug te kom. Terwyl hulle die volgende dag die aansoek ingevul het, is hulle ingelig dat die departement op pad is terug Kaapstad toe en dat hulle die spertyd misgeloop het. Hulle het daarna probeer om aanlyn aansoek te doen, maar as gevolg van 'n gebrek aan internet en swak konnektiwiteit in Hondeklipbaai kon hulle nie aansoek doen nie. Hierdie proses sluit marginale gemeenskappe onbillik uit.

Die krimpende kleinskaalse mandjie kan in die kleinskaalse vissergemeenskappe van KwaZulu-Natal, die Noord-Kaap, die Wes-Kaap en die Oos-Kaap gesien word.

“Die mandjie wat die DBVO aan ons

*Gaan voort op bladsy 3*



Bo: Visser van Paternoster wat hul Weskus-kreefvangs ten toon stel.

# Waardevolle Weskus-kreef in baie swak toestand

**W**ESKUS-KREEF is 'n waardevolle spesie vir kleinskaalse vissers in die Wes-Kaap en Noord-Kaap en 'n belangrike bron van jaarlikse inkomste vir hierdie gemeenskappe. In 2021, ná verontwaardiging oor 'n drastiese verlaging van die totale toelaatbare vangs (TTV), is 'n raadplegende adviesforum (RAF) gestig om die 2021/22-TTV-proses en toewysing te hersien.

Die Weskus-kreefspesies in Suid-Afrika neem geweldig af as gevolg van historiese oorbevissing, klimaatsverandering en ander faktore. Volgens die DBVO dui die bygewerkte 2021-evaluering aan dat die getal Weskus-kreef die afgelope twee jaar meer

verminder het as wat verwag is, en in plaas daarvan dat dit op 90% van die 2006-vlak staan soos in 2019 bereken is, word dit nou op slegs 70% beraam. Dit het tot 'n drastiese vermindering in die Weskus-kreef-TTV vir die 2021/22-seisoen tot 600 ton gelei – 'n verlaging van 28,3% sedert die vorige seisoen.

Daar was wydverspreide kommer oor die toewysing van Weskus-kreef aan die kleinskaalse en kommersiële sektor, wat daartoe gelei het dat minister Barbara Creecy die RAF aangestel het om dit te hersien.

Die minister het 'n stel aanbevelings van die RAF-verslag aanvaar, wat heelwat oor die swak sosio-ekonomiese toestande van vissers en hulle vertroue op Weskus-kreef vir hulle heenkome ingesluit het. Die RAF het aanbeveel dat die TTV vir die 2021/22-seisoen

tot 700 ton verhoog moet word, dat 'n gesamentlike bestuursbenadering aanvaar moet word, en dat 'n strategie om stropery te verminder, geïmplementeer moet word om die stapels in stand te hou en te verseker dat vissergemeenskappe in die waardeketting bevoordeel kan word.

Die aanbeveling vir die hulpbronherstel was 'n gefaseerde vermindering (700/550/400) wat elke jaar weer geëvalueer moet word. Wat duidelik is, is dat die TTV van Weskus-kreef elke jaar verminder sal word, en kleinskaalse vissers en hulle gemeenskappe moet saamwerk en bespreek hoe om hulle daarop voor te berei. Ons doen 'n beroep dat die volle TTV van Weskus-kreef aan die kleinskaalse sektor toegewys moet word sodat gemeenskappe daarby kan baat.



## Stemme uit die gemeenskap

### Is jy tevrede met jou huidige toewysing? Sal jy daarvan hou dat jou spesietoewysing/mandjie verander



#### **Ntsindiso Nongcavu, Port St Johns, Oos-Kaap**

*Ons is glad nie gelukkig met ons mandjie nie want dit is baie beperk. Die toewysing wat ons het, weerspieël nie ons tradisionele spesies nie en ons kan nie 'n heenkome daaruit maak nie. Dit*

*is waarom dit so belangrik is vir kleinskaalse vissergemeenskappe om by die besluitnemings oor die toewysing van spesies ingesluit te word. Dit is nie genoeg dat ons bloot ingesluit word nie – ons menings moet in ag geneem word sodat ons positiewe veranderinge aan ons mandjie kan sien.*



#### **Andre Cloete, Doringbaai, Wes-Kaap**

*Ons is nie tevrede met die huidige spesies in die mandjie nie omdat dit vir ons as kleinskaalse vissers nie volhoubaar is nie. Die drastiese verminderings in die totale toelaatbare vangings sedert die begin van die tussentydse verligting*

*het verseker dat vissers arm bly. Kreefstapels was hierdie seisoen laag en het eers aan die einde van die seisoen begin verbeter. Die departement moet dus klimaatsverandering in ag neem wanneer spesies toegewys word. As vissers kan ons duidelik sien dat die migrasiepatrone begin verander, dus moet die DBVO dit oorweeg om die datum van die kreefseisoen aan te pas. Tans het ons net lynvis, kreef en aas in ons mandjie. Ons wil hê dat al die spesies in ons sone by die mandjie gevoeg moet word. Ons wil ook graag meer pelagiese spesies in ons mandjie sien.*



#### **Rovina Europa, Arniston, Wes-Kaap**

*Ons mense ly tans, aangesien die huidige toewysing nie ons huishoudelike uitgawes dek nie. Die meeste van ons inkomste gaan aan die bemarkers, fabrieke en brandstof. In die verlede het ons gevra dat die mandjie moet bestaan uit spesies*

*wat ons in ons sone kry, maar met klimaatsverandering migreer die winsgewendste spesies na ander gebiede en beland in mariene beskermde gebiede waartoe ons nie toegang het nie. Die sones word dikwels verskuif sonder dat gemeenskappe behoorlik geraadpleeg word, wat beteken dat vissers die winsgewendste spesies verloor. Ons vra die regering om 'n volledige mandjie spesies toe te wys sodat ons 'n volhoubare inkomste kan verdien en behoorlike lewensomstandighede kan hê.*



#### **Sabelo Mzileni, Nibela, KwaZulu-Natal**

*Vissers langs die kus is bekommerd oor toewysings wat al hoe kleiner word. Hierdie toewysings benadeel kleinskaalse vissers en het 'n uitwerking op hulle inkomste. Ons tradisionele spesies beland nooit op die lys nie en dit is 'n groot probleem.*

## Vervolg van bladsy 1

gegee het, is eenvoudig nie genoeg nie. Ons kan slegs 50 mossels per dag uithaal – ons kan nie eers ons gesinne daarmee kos gee nie. Ons verdien spesies waaruit ons 'n inkomste kan verdien en waardige lewens kan lei," sê Sibongiseni Ndumiso, 'n visserman uit Cwebe.

Die minister moet baie versigtig wees wanneer hierdie regte verdeel word. Die toewysing van al die regte sonder om 'n gedeelte vir die kleinskaalse visvangsektor te prioritiseer, sal die heenkome van vissers verder bedreig. Die gebrek aan die toewysing van 'n voldoende mandjie aan kleinskaalse vissers sal veroorsaak dat die beleid nie lewensvatbaar geïmplementeer kan word nie. Kleinskaalse vissers moet deel van die besluitneming wees om 'n lewensvatbare mandjie spesies te bepaal.

## Van aangesig tot aangesig met Dumazile Mkhonto



#### **Wie is Dumazile Mkhonto?**

My naam is Dumazile Mkhonto. Ek is in Vutshane in Kosibaai gebore en getoë. Ek is nie getroud nie en het nie kinders nie. Ek het in Vutshane skoolgegaan.

#### **Hoe was dit om in jou gemeenskap groot te word?**

Dit was nie maklik om in Vutshane groot te word nie, want ek het my pa op 'n

baie jong ouderdom verloor. My pa was die hoofbroodwinner en het 'n heenkome uit visvang gemaak. Met sy inkomste kon hy my skoolloopbaan betaal en kos op die tafel sit. Ná my pa se dood moes my ma sy skoene volstaan. Sy het ons geleer hoe om mossels en riete te versamel, en ons het uiteindelik geleer hoe om vis te vang ook.

#### **Wat is jou stokperdjies of belangstellings buiten visvang?**

Ek is lief daarvoor om sokker te speel en te draf. Ek het ook 'n klein tuintjie waar ek verskillende soorte groente plant. Een van die hoogtepunte van my kleinskaalse boerdery is om vars groente te oes, want ek het altyd die waarborg van gesonde en goedkoop kos.

#### **Hoe lank vang jy al vis en in watter gebiede vang jy vis?**

Ek was 11 jaar oud toe ek begin visvang het. Terwyl ek grootgeword het, het ons nie baie speelgoed gehad nie en visvang het die belangrikste manier geword om onself te vermaak, terwyl dit ook 'n heenkome was. Ek het in klein riviermondings in Kosibaai begin visvang.

#### **Hoe lank is jy al deel van Coastal Links?**

Ek is al 8 jaar lank deel van Coastal Links. Ek geniet dit werklik om deel van Coastal Links te wees, want dit help ons om ons regte te ken en te probeer om dit te beskerm.

#### **Het jou koöperasie om FRAP aansoek gedoen, en het hulle geslaag?**

Vissers weet nie genoeg van FRAP af nie. Ons moet meer kapasiteitsbou doen en kennis oor hierdie proses bekom. Dalk kan ons dit in die toekoms gebruik om ons mandjie en toewysing te beïnvloed.

# SCHOOL OF FISHERS



Illustrated by:  
Caine Swanson

## Oorwinnings ten opsigte van seismiese opnames

Tot siens Searcher en moenie terugkom nie!



Ons het weer eens getoon dat as ons saamstaan met een stem, kan ons enigiets bereik.



Ja, dit is 'n baie belangrike oorwinning vir kleinskaalse vissers, maar ons moet voortgaan om te veg. Al hoe meer mynaansoeke bedreig die heenkome-aktiwiteite van vissergemeenskappe.



Dis reg. Verlede jaar wou Shell 'n seismiese opname aan die Wildekus doen en kuggemeenskappe in die Oos-Kaap het daarteen geprotesteer. Die hof het Shell toe verbied om enige seismiese aktiwiteite uit te voer en ons het dieselfde aan die Weskus gedoen.



Ek weet dat ons Searcher Seismic met sukses gekeer het, maar hoe beskerm hierdie uitspraak kleinskaalse vissers? Wat sê dit?



Die uitspraak erken die behoefte om plaaslike vissergemeenskappe te raadpleeg voordat enige ontwikkeling begin word wat hulle natuurlike hulpbronne en heenkomes sal raak.



Searcher het dus nie die gemeenskap se toestemming gehad om met die toetse op ons seebodem te begin nie?





Nee, hulle het nie, en toe die gemeenskappe beseef het dat Searcher voortgaan met hulle olie- en gasaktiwiteite, het hulle die Wes-Kaap Hoë Hof genader om hulle te keer.



Ek is so bly ons kon hulle keer om aan te gaan met die toetse want dit sou 'n verskriklike impak op kleinskaalse vissers gehad het.



Ja die toetse wat Searcher sou gedoen het, sou permanente skade aan die Weskus veroorsaak het.



"Dis waar. Die toetse sou die snoeklopie beïnvloed het, wat vissers sonder inkomste en 'n heenkome sou gelaat het."



Dit was dus 'n baie belangrike saak vir kleinskaalse vissergemeenskappe.

Ja, want dit het beklemtoon dat ons almal gelyk is voor die reg en dat Searcher se versuim om die gemeenskappe te raadpleeg, 'n skending van hulle regte was.



Sjoe! Ek is trots om 'n kleinskaalse visser te wees en dat my regte, heenkome en kultuur wettiglik deur die Suid-Afrikaanse howe erken en beskerm word.



Ja, maar ongelukkig eindig ons stryd nie daar nie. Nog maatskappye doen aansoek om seismiese opnames aan ons kuslyn te doen.

Ek het gehoor dat Tosaco Energy 'n seismiese opname in die Noord-Kaap wil doen vir diepsee-olie en gas, en Total Energies het ook aansoek gedoen om mynbou-aktiwiteite aan die Suidweskus te onderneem.

Ons moet voortgaan om op die uitkyk te wees vir aktiwiteite van Operasie Phakisa en die meesterplan vir die oseaanekonomie, want hulle bedreig almal kleinskaalse vissers se heenkome.





Bo: Ontmoeting met vroue-vishandelaars in Msiyane KwaZulu-Natal.

# Binnelandse vissers betoog vir regte terwyl hulle wag dat die binnelandse beleid geïmplementeer word

**O**P 25 FEBRUARIE 2022 het die Departement van Bosbou, Vissery en die Omgewing (DBVO) die Nasionale Varswater- (Binnelandse) Wildevangsvisserybeleid in die Staatskoerant gepubliseer. Daar word gehoop dat die beleid die heenkome-aktiwiteite van binnelandse vissergemeenskappe formeel sal erken, en ook hulle rol as noodsaaklike voedselprodusente en hulle bydrae tot voedselsekuriteit en werkskepping op plaaslike vlak sal beskerm. Binnelandse kleinskaalse vissers bestaan histories in 'n regs-vakuum, wat daartoe lei dat hulle voortdurend geteister en as misdadigers gebrandmerk word omdat hulle hulle heenkome-aktiwiteite beoefen.

Sedert hierdie beleid in die Staatskoerant gepubliseer is, het vissergemeenskappe van die Gariëpdam, Vanderkloofdam en Jozinidam hulle stemme laat hoor en op plaaslike vlak gemobiliseer vir hulle regte.

Op 25 Maart het binnelandse vissers uit die gemeenskappe van Norvalspont, Gariëpdam, Venterstad en Oviston 'n vreedsame optog buite die Oos-Kaapse Parke- en Toerisme-agentskap (OKPTA) se hekke in Oviston gehou nadat hulle herhaaldelik toegang tot hulle tradisionele visvanggebiede by die Oviston Natuurreserveaat geweier is. Talle van die vissers is werkloos en vang vis vir 'n heenkome, en kan slegs sonder koste tot een visvangterrein toegang kry. Hulle moet gelde van R25 betaal, ten spyte daarvan dat hulle



Bo: Binnelandse vissers van Gariëp, Norvalspont, Venterstad en Oviston betoog buite die Oos-Kaap Parke en Toerisme Agentskap (ECPTA) kantore.

geen inkomste het nie. Vissers kommunikeer nou met die OKPTA in 'n poging om saam 'n ooreenkoms te bereik.

Masifundise het op 7 Maart 'n rondetafelgesprek in Jozini aangebied. Hierdie byeenkoms het op die stand van binnelandse visserye in die streek gefokus, en ook gekyk na die uitdagings wat die heenkomes van binnelandse vissers beperk. Hierdie byeenkoms het 'n geleentheid geskep vir die vissers om hulle reg op kos en die erkenning van 'n heenkome op plaaslike vlak deur belanghebbers soos tradisionele leiers en plaaslike munisipale bestuurders te bepleit. Die doel van hierdie protes en vergadering was om binnelandse vissers

en hulle gemeenskappe te ondersteun om hulle stemme te versterk om aan die besluitnemingsprosesse met verskillende aktors, veral met die regering op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak, deel te neem. Dit was 'n belangrike ontwikkeling vir binnelandse vissers om tussentydse oplossings te kry om toegang te verkry terwyl ons vir die implementering van die binnelandse visserybeleid wag.

Dit is belangrik dat die proses van die ontwikkeling van die regulasies vir die beleid sowel as die implementeringsplan die stemme van kleinskaalse vissers moet insluit sodat dit tot die beste voordeel van hulle en hulle gemeenskappe kan wees.

# Bly op hoogte van Masifundise se veldwerk

**N**Á TWEE JAAR van die Covid-19-pandemie met sy talle beperkings en onsekerhede kon die Masifundise-span hierdie jaar uiteindelik weer behoorlik aan die gang kom met veldwerk.

In Februarie, Maart en April het die span kapasiteitsbou- en deelnemende-aksienavorsingsaktiwiteite (DAN-aktiwiteite) in die Wes-Kaapse gemeenskappe van Ebenhaezer, Papendorp en Doringbaai hanteer, en ook in die Noord-Kaapse gemeenskappe van Port Nolloth en Hondeklipbaai. In hierdie maande het die span ook verskeie besoeke aan die binnelandse vissergemeenskappe van Vanderkloof en Gariep afgelê.

Op 17 Maart het Masifundise die vissergemeenskappe van Ebenhaezer, Papendorp en Doringbaai ontmoet om die

toedrag van sake in die streek te bespreek. Tydens die vergadering het die vissers beduidende kommer oor die ontwikkeling van die Olifantsriviermonding-bestuursplan (ORBP) uitgespreek. Die plan is in 2006 ontwikkel en moet nog gefinaliseer word. Gemeenskapslede is bekommerd oor die negatiewe impak wat beoogde mynbou-aktiwiteite, ontspanningsgeleenthede en beperkte visvangtoegang op hulle heenkomes kan hê.

Op 'n besoek aan KwaZulu-Natal in die eerste drie weke van Maart het die span die kusgemeenskappe van Mazambane, Kosibaai en Mtubatuba en die binnelandse vissergemeenskap van Jozini besoek. Die doel van hierdie besoeke was om verhoudings te laat herleef en versterk en aan kapasiteitsbou- en DAN-aktiwiteite deel te neem.

Masifundise het ook die plaaslike

munisipaliteit in elkeen van die gemeenskappe genooi en die probleme ondersoek wat alle KSV-koöperasies ervaar. In die vergaderings het die gesprekke ook gefokus op die moontlikhede vir ondersteuning vanaf die plaaslike munisipaliteite om plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur middel van kleinskaalse visserye te verbeter.

Tydens April het verdere DAN-aktiwiteite in die gemeenskappe van Dwesa-Cwebe in die Oos-Kaap plaasgevind. Op 22 en 23 April het die span in samewerking met die Regshulpsentrum 'n werkswinkel aangebied om die kapasiteit van die sewe gemeenskappe wat deel is van die grondeis te bou. Die werkswinkel het gehandel oor die implikasie van die Gongqose-uitspraak wat gewoontevissangregte vir die gemeenskap van Hobeni erken.

Die werkswinkel was ook 'n geleentheid om 'n werksverhouding met die Dwesa-Cwebe-VBA te bewerkstellig en sommige van die probleme te dokumenteer wat met teistering in die Dwesa Cwebe-natuurreservaat verband hou, en die Shell-saak te bespreek waarin hierdie gemeenskappe eisers is.

Masifundise sal in die volgende paar maande voortgaan om aan die kuslyn en in die binneland by veldwerk betrokke te wees, en vir die Vissertribunaal en Nasionale Strategiese Forum voor te berei.



**Bo:** Ontmoeting met vissers van Olifants en Nico Waldeck van ABALOBI oor die stand van kleinskaalse visserye in Ebenhaezer.





Bo: Masifundise se strategie-werkswinkel vir die Fisher Peoples Tribunal, Cresta Hotel Kaapstad.

# Visserstribunaal sal stemme van vissers versterk

**M**ASIFUNDISE HET op 12 April 'n suksesvolle strategie- en beplanningswerkswinkel aangebied ter voorbereiding vir 'n Visserstribunaal wat in 2023 sal plaasvind.

Die werkswinkel het die proses vir die tribunaal aan die gang gesit en 10 verteenwoordigers van Coastal Links en binnelandse vissergemeenskappe, asook verteenwoordigers van TKVI, Green Connection, die Regshulpbronsentrum, SDCEA, PLAAS, One Ocean Hub, die Permanent Peoples Tribunal Secretariat, NALEDI, TNI, Crocevia, Heinrich Boll Stigting en Rosa Luxembourg Stigting het aan die vergadering deelgeneem.

"Die tribunaal kan die weg baan om die stryd te bevorder. Die kleinskaalse vissers het 'n lang stryd agter die rug, maar daar is nie veel suksesse wat die vrugte van die stryd toon nie." Winnie Mbokazi, Coastal Links-leier, Nkundusi, KwaZulu-Natal.

'n Besluit is geneem om verskillende strategieë en taktieke te ontwikkel in

reaksie op die verwickelinge wat die lewens en heenkomes van binnelandse en kusgemeenskappe raak. Verder ook om alternatiewe visies en veldtogte te bou wat op maatskaplike, ekonomiese en omgewingsgeregtigheid vir vissers en ander werkende mense in kus- en oewergemeenskappe fokus.

Die Visserstribunaal probeer om oseantoeëiening en die skending van vissergemeenskappe se regte te dokumenteer en bloot te lê, en seker te maak dat daar aan hulle regte voldoen word en die verwante beleidsprosesse doeltreffend is.

Die bywoners het vorige tribunaalervarings gedeel, kommentaar op die struktuur en formaat van die proses gelewer, beduidende temas in die kleinskaalse visseryesektor geïdentifiseer en gapings op die toekoms pad erken.

"Werk moet op voetsoolvlak gedoen word. Sommige mense besef nie eers waar ons vandaan kom nie. Staatsamptenare erken ons nie as mense nie. Ons word beskou as die plebs wat verwyder moet word. Mense weet nie van hierdie regeringsvergaderings waar

hulle planne het wat ons betrek nie." Zingisa Ludude, Coastal Links-leier, Oos-Kaap.

Die Visserstribunaal sal nie 'n eenmalige gebeurtenis wees nie, maar 'n proses wat op vissergemeenskappe se heenkomes, kultuur en tradisies fokus en 'n alternatiewe visie voorlê vir 'n omgewings- en maatskaplik-regverdigde gebruik van die oseaan se hulpbronne wat in voedselsoewereiniteit en klimaatgeregtigheid gewortel is.

**Die tribunaal kan die weg baan om die stryd te bevorder. Die kleinskaalse vissers het 'n lang stryd agter die rug, maar daar is nie veel suksesse wat die vrugte van die stryd toon nie."**